

20 September

Skrifgedeelte: Lukas 11:1-4 (OAV)
Fokusgedeelte: Lukas 11:1

Die Here rus toe om te bid

Nadat Jesus op 'n dag een van sy gebede afgesluit het, het 'n volgeling gevra dat Hy hulle moes leer om te bid, net soos Johannes die Doper dit vir sy leerlinge gedoen het. Hierdie man en baie van die ander was waarskynlik nie teenwoordig toe ons Here Jesus die "Onse Vader" aan sy leerlinge gegee het tydens die bergpreek nie. Jesus herhaal dan die "Onse Vader" kortliks. Hy het dikwels herhaal, soos enige goeie onderwyser ook doen.

Ons leer uit die Skrifdeel dat Jesus en Johannes die Doper hulle volgelingen geleer het om te bid. Dit is belangrik om gereeld en reg te bid volgens die voorbeeld wat Christus ons gegee het. Die Here rus ons in die beskrywings van sy gebede en in sy oproepe tot gebed toe om te kan bid. Hy gee egter nie 'n vaste formule wat elke gebed moet bevat nie, maar Hy gee aan ons riglyne, want ons kan ook verkeerd bid (Jak. 4:3).

In die "Onse Vader" gee Hy aan ons 'n modelgebed. Met hierdie model leer ons die verskillende komponente van 'n gebed ken. Die "Onse Vader" kan werklik die ideale gebed genoem word, want die eer van God staan voorop; aan die eis om God bo alles lief te hê en ons naaste soos onself, word op besondere manier uitdrukking gegee; die gebed wys dat 'n opregte bidder sy eie nood en ellende reg moet ken; gebed in vertroue op God, soos dié van 'n kind teenoor sy Vader, word duidelik; die regte verhouding tussen geestelike en liggaamlike behoeftes word uitgebeeld; die gebed is kort en saaklik en ons sien geen ydele herhaling van woorde nie.

Jesus leer ons hiermee om te bid. Die Here rus ons steeds toe om te kan bid.

Sing: Psalm 142:1 (1936)

Ds. DP (Neil) Prinsloo (Outjo/Otjiwarongo/Biermanskool, Namibië)